

ST. CORNELIUS EN ST. CYPRIANUS

16 SEPTEMBER

(3de Eeu)

Hoewel pous Cornelius in Rome en biskop Cyprianus in Kartago in Noord-Afrika geleef het, het hulle 'n diep vriendskap gehad, gegrond op hul geloof. Albei het moeilike uitdagings beleef met die uitleef van hul onderskeie bediening. Pous Cornelius het te kampe gehad met 'n teenpous en sy volgelinge wat hardnekkig weerstand gebied het. Biskop Cornelius, 'n bekwame teoloog, moes talle dwaalleringe in die Noord-Afrikaanse Kerk bestry. Cornelius sterf in ballingskap en Cyprianus sterf 'n marteldood.